



Die Kantoor vir Meertalige Taaldienste in samewerking met die vakgroep Afrikaans Universiteit van Johannesburg

9 Mei 2022

UITNODIGING VIR INSKRYWINGS: 2023 UJ-PRYSE

Inskrywings word ingewag vir die **2023 UJ-pryse**.

Die pryse word in 2023 reeds vir 23 jaar lank toegeken. Daar is twee kategorieë met 'n geldwaarde van onderskeidelik R70 000 (vir die UJ-prys) en R35 000 (vir die UJ-debuutprys).

Belangstellendes word genooi om hulle van die reëls te vergewis en inskrywings betyds voor te lê.

1. Geen inskrywingsgeld word gehef nie.
2. Sewe (7) eksemplare moet verskaf word vir elke titel wat ingeskryf word.
3. Inskrywings moet vir elke titel baie duidelik meld vir watter prys dit ingeskryf word, naamlik:
 - 3.1. die **2023 UJ-prys**; of
 - 3.2. die **2023 UJ-debuutprys**.
4. Geen beperkinge of voorskrifte bestaan wat genre betref nie. As die werk in Afrikaans geskryf is en 'n bydrae lewer tot die Afrikaanse lettere in die breë (waarby dus tekste oor literatuurstudie en kultuurhistoriese tekste en dies meer ook ingesluit kan word) kan dit ingeskryf word. Dink byvoorbeeld aan *Die Afrikaners* (Giliomee) wat op die kortlys was en *Soos familie* (Jansen) wat 'n UJ-prys ontvang het.
5. Die prys neem enige skeppende skryfwerk in Afrikaans in ag. Waar “skeppend” op kreatiewe inset dui. Inskrywings word dus nie beperk tot die streng tradisionele kategorieë en genres van die letterkunde, of uitsluitlik belletrie, of waarna verwys word as ‘kreatiewe skryfwerk,’ nie. Dit beteken dat ook nie-fiksie, soos byvoorbeeld navorsing in enige vakgebied, biografieë, geskiedskrywing en dies meer, wat in Afrikaans geskryf is, ingeskryf kan word.
6. Die UJ-prys bekroon oorspronklike skryfwerk in Afrikaans. Dit is nie 'n prys vir vertalings of verwerkings nie. Die teks van titels wat ingeskryf word, moet aanvanklik in Afrikaans deur die outeur geskryf wees. Uitgewers wat titels simultaan in Afrikaans en Engels uitgee, moet kan bewys en

bevestig dat die Afrikaanse teks deur slegs die outeur self geskryf is en nie 'n verwerking of vertaling is nie, voordat die Afrikaanse teks vir inskrywing aanvaar kan word.

7. Afrikaanse titels met 2022 as gedrukte publikasiedatum (dit wil sê gepubliseer en beskikbaar 1 Januarie 2022 tot 31 Desember 2022) mag ingeskryf word.

8. **Stuur asseblief inskrywings per koerier** aan:

Prof. Marné Pienaar
Kantoor vir Meertalige Taaldienste
Hamptonlaan 40
Rossmore
2092
JOHANNESBURG

9. **Sluitingsdatum vir inskrywings**

Gegee die groot aantal inskrywings wat ons jaarliks ontvang, wil ons u versoek om so gou moontlik inskrywings aan ons te stuur. Die amptelike sperdatum is 31 Januarie 2023, maar ten einde die beoordelaars se werksdrukte te akkommodeer, aanvaar ons **NOU** reeds inskrywings.



Prof. Marné Pienaar
Departementshoof: Kantoor vir Meertalige Taaldienste
Universiteit van Johannesburg

Tel: 076 600 1998